

*Sondag 9 Oktober*

**Skrifgedeelte: Romeine 4:1-5; Heidelbergse Kategismus Sondag 7, vraag 21**

**Fokusverse: Romeine 4:3, 5 (AFR53)**

**Geloofsekerheid word uit genade geskenk (Sola Fidei en Sola Gratia)**

In die kultuur en tyd waarin ons vandag leef, word dit tweede natuur om self vir iets te betaal of by te dra. Soos Paulus hier wys, as iemand vir iets werk, kry hy daarvoor 'n loon (iets wat hom toekom). Jy het gewerk, so jy verdien dit ... (vers 4) Die gevaar bestaan dat ons in terme van ons geloof ook so kan begin dink. Die argument in vers 2 is: Sou ons dink Abraham het self iets gedoen, of dat hy deur sy eie dae en werk geregverdig word, dan sou hy kon spog, of kon roem. As ons iets bydra en iets doen, dan kan ons mos spog, want ons het dit verdien. In terme van ons geloof mag ons NOOIT so redeneer nie!

“Maar wat sê die Skrif? Abraham het in God geglo, en dit is hom tot geregtigheid gereken.” Galasiërs 3:6 bevestig presies wat in ons gedeelte staan (slaan gerus na). Die Here red ons, spreek ons vry en regverdig ons deur genade alleen. Hy gee die geloof. Ons werk nie daarvoor nie, ons doen dit nie self nie, dit word ons geskenk en in ons ingestort! 'n Gawe – SOLA GRATIA – genade alleen. Deur die geloof omhels ons Jesus Christus en al sy weldade. Ons kan daarom nie op onself vertrou nie. Ons belydenis onderstreep dit sterk dat ons vasstaande kennis en vaste vertrouwe vir ons geskenk word. Dit is God se genade aan ons.

Ons kan geloofsekerheid hê, omdat dit van God aan ons geskenk word, en nie van ons afhang nie. Jesus Christus het ons duur gekoop met sy bloed – dis al hoe ons geregtigheid en vryspraak ontvang. Hoe lyk ons persoonlike geloof? Is dit suiwer soos ons geloofsvader Abraham s'n? Hy het geglo en alles is vir hom geskenk, sonder dat hy dit verdien of daarop kan roem. Die Heilige Gees gee ook hierdie versekering in ons hart, en dit word in die Skrif bevestig – Sola Gratia en Sola Fidei – genade alleen, deur die geloof alleen!

*Sing: Psalm 71-1:1, 12*

*Ds. MH le Roux (Marco) (Reitz/Lindley)*